**Kom eet ontbyt**

**Joh 21:1-14**

**10 Mei 2026**

1. Vantevore: Tweede verskyning van die Here Jesus – Thomas ook teenwoordig. Thomas, soos Maria Magdalena en die ander dissipels, het gesien en geglo. Hy bely: "My Here en my God". Die Here Jesus sê: "Gelukkig is hulle wat nie gesien het nie, en tog tot geloof gekom het". Dit is juis die doel van die Johannes-evangelie: Dat die wat nie gesien het nie, kan glo dat die Here Jesus die Christus en die Seun van God is, en dat hulle in Sy Naam die lewe kan hê.
2. Is Joh 21 deel van die Johannes-evangelie?
    a. Al volg dit na die klimaks in Joh 20:31, is dit deel van die ontknoping en bevat belangrike inligting vir die dissipels oor die pad vorentoe
3. Die soewereine Here Jesus voorsien oorvloedig (Joh 21:1-8)
    a. Na vorige verskynings. By see van Tiberias/see van Galilea/Gennesaret (v1)
    b. Dissipels het in opdrag van die Here Jesus na Galilea gegaan (vgl Mat 28:7, Mark 16:7)
    c. Sewe dissipels: Petrus, Thomas, Natanael, Jakobus, Johannes en twee ander (v2)
    d. Petrus besluit om te gaan visvang, die ander ook (v3)
        i. Waarskynlik nie soseer om terug te keer na sy vorige lewe nie, eerder om besig te bly tot die Here Jesus ook na hulle in Galilea kom
    e. Maar hulle vang die hele nag niks (v3)
    f. Die Here Jesus verskyn: "Julle het seker niks om te eet nie?" Dissipels: "Nee" (v4-5)
    g. Die Here Jesus: Hulle moet net aan regterkant uitgooi – toe vang hulle 153 groot visse (v6, 11)
        i. Betekenis van 153: Waarskynlik moet ons volstaan met "baie"
    h. Johannes verstaan dan: "Dit is die Here!" (v7) – waarskynlik gedink aan Luk 5:1-11:
        i. Luk 5:1-3 – dieselfde see, dieselfde boot?
        ii. Luk 5:4-5 – dieselfde opdrag en dieselfde gehoorsaamheid
        iii. Luk 5:6-7 – dieselfde resultaat
        iv. Luk 5:8-10 – Petrus sal mense vang, Johannes was verwonderd en verbaas
        v. Luk 5:11 – Hulle het die Here Jesus begin volg
    i. Petrus trek bokleed aan, spring in die water en gaan na die Here Jesus (v7)
        i. Na sy verloëning nog nie die effek daarvan uitgeklaar nie
        ii. Nou is hy ywerig om die Here Jesus te ontmoet om te verstaan wat nou
    j. Die Here Jesus leer die dissipels Hy is soewerein in beheer – hulle moet visse vang, maar kan net vang wanneer Hy die visse stuur – maar dan sal hulle baie vang
4. Die liefdevolle Here Jesus bedien ontbyt (Joh 21:9-14)
    a. Op die strand is daar koolvuur, vis en brood – voorberei deur die Here Jesus (v9-10)
    b. Die Here Jesus nooi hulle: "Kom eet ontbyt!" (v12-13) – onthou wie die Here Jesus is: die Christus, die Seun van God, die Een deur wie God alles geskep het, die Een wat die duiwel en dood oorwin het, aan Wie alle mag behoort
    c. Dissipels is fisies moeg, deurmekaar, verward (v12b) – maar dan gee die Here Jesus 'n blaaskans en bedien ontbyt
5. Toepassing: Onthou die Here Jesus is soewerein in beheer. Hy bring voorspoed en terugslae. Hy gebruik dit doelbewus. Ons moet leer om Sy werk raak te kan sien. Ons moet steeds Sy opdragte uitvoer. Ons moet vertrou Hy sal in behoeftes voorsien – selfs al is dit net om ontbyt te mag eet. Onthou dit veral in terme van ons sendingopdrag.